 JOHAN NORVAL jnorval@landbou.com



**LINKS:** Mnr. Lukas Nel (links) en een van sy assistente, Isak van den Berg van Bloemfontein, by die twee Sandstone-lokomotiewe, Montana en Xanthe, wat die afgelope twee jaar herbou is. Dis na Sandstone se eienaar, Wilfred Mole, se kleinkinders genoem.


**ONDER:** Mnr. Wilfred Mole, die dryfkrag agter die Sandstone-erfenistrust, en sy vrou, Lyndie. Hulle staan voor een van die vele werkende veteraanmodelle op die plaas. Dis 'n skaars tweesilinder-Water-binneboord-enjin van 1910 wat nog in 'n goeie werkende toestand is.



# Tussen treine (en ander ou werktuie)

**LIGGING**

**FICKSBURG,** Vrystaat



Die glorieryke dae van die stoomtegnologie is op die jaarlikse saamtrek van die "Stars of Sandstone" herdenk. Die sterre van dié sonderlinge erfenisfees op die Oos-Vrystaatse Sandstone-landgoed is veteraan-stoomlokomotiewe wat in die fynste besonderhede herstel is.

Stoomgeesdriftiges van selfs Australië het vanjaar die stoomfees op die Sandstone-landgoed, 13 km noord van Ficksburg in die Maluti-berge, besoek om die jongste vonds, 'n Garratt-lokomotief uit 1937 van die spoorweg se verouderde 2 voet-spoornetwerk in KwaZulu-Natal, van nader te bekyk.

Die lokomotief is uit 'n skrootwerf gered en ná 'n jaar se restourasie bekend gestel.

Die twee lokomotiewe op die plaas is uit die kloue van vandale in die omgewing van Krugersdorp en Randfontein gered en as wrakstukke met bakkies na Bloemfontein aangery waar dit gerestoureer is. Die blou lokomotief, Montana (links op die hooffoto), was laas nog in 1959 in diens van 'n goudmyn by Klerksdorp. Die rooie, Xanthe, is oorspronklik in 1915 deur die Avonside-maatskappy vir die Sezela-suikerplantasie in KwaZulu-Natal gebou. Dié model het sedert sy uitdienstreding in die 1960's verskeie kere van hande verwissel voordat dit op die skrootwerf beland het.

Sandstone is waarskynlik die enigste voorbeeld in Afrika van 'n funksionele kommersiële boerdery wat sowat 20% van sy bedrywighede en hulpbronne aan die bewaring van erfenisgoedere op die plaas aanwend. Spoorlyne en treine is prominent, maar die bewaring van landboukundige werktuie geniet die leeue-aandeel.

"'n Stroper van 1953 beeld die sprong van tegnologie-ontwikkeling met moderne werktuie uit," vertel Sandstone se eienaar, mnr. Wilfred Mole, wat ook die lokomotiewe na sy kleinkinders genoem het.

Nog 'n hoogtepunt was Sandstone se span Afrikaner-osse wat besoekers 'n goeie aanduiding gegee het hoe 'n stamperige rit toeka se tyd verloop het.

## WERKENDE, LEWENDE ERFENIS

Die plaas se vorige eienaars het sedert 1830 die grond bewerk en toe Wilfred Sandstone in 1996 gekoop het, was daar reeds 'n groot versameling veterane op die plaas.

"Die versameling het ontstaan bloot omdat die ou goed deur die jare op die plaas gebruik is. Van die begin af het ons Sandstone as 'n lewende, werkende erfenis raakgesien en ons het die eiendom met die versameling en al bekom met die uitsluitlike doel om die outydse lewenswyse op die plaas te bewaar," sê hy.

Wat Wilfred die meeste van die ou tegnologie tref, is die vakmanskap wat sinoniem met die veterane is. "Voertuie en toerusting is in die ou dae met groot sorg en 'n benadering van fyn detail gebou," sê hy. "Die ekonomie van die vervaardigingsproses was nie die oorheersende faktor nie. Volgens my was die ou vakmanne glad nie bedag daarop dat hul voertuie in die vergetelheid kan verval nie. Dit is gebou om vir ewig te hou."

Hy kan nie help om dit aan die wêreld te wys nie. "Ons maak eintlik 'n verlies met die die fees. Ons het nie 'n toerisme-afdeling nie en vir die duur van die fees word die boerdery (mielies en soja) eenkant toe geskuif en al die plaaswerkers help met die verrigtinge."

## VETERANE DOEN DIE WERK

Stoomtreine vorm wel die ruggraat van die byeenkoms, maar daar is ook talle geskiedkundige voertuie te sien, soos 'n ou bus van die Welkomse munisipaliteit, twee Model T-Fords, 'n 1934-Chevrolet en 'n brandweerwa van Kroonstad uit die 1920's.

Ford-bakkies oor die bestek van 'n eeu – van die Model T van 1915 tot 'n Ford Ranger van 2015 – is ook uitgestal. Wilfred se gunsteling is 'n 1935-Ford V8-bakkie wat nog in 'n goeie, werkende toestand is. Dié bakkie se afstandmeter het waarskynlik al op 200 000 myl vasgesteek.

Van die vliegtuie wat 'n besonderse kleur aan die geleentheid verleen het, was twee Tiger Moths, twee Chipmonks, 'n Harvard van die Harvard-klub in Johannesburg en twee helikopters.

Veteraantrekkers het tydens die feesweek algemene plaaswerk verrig. Veterane is ook ingespan in die feesvoorbereidings, soos paaie wat met 'n padskraper uit die 1950's en 'n ou stoomroller gelyk gemaak is. 'n Ou Mercedes-vragmotor is gebruik om gruis aan te ry.

## DUISENDE BESOEKERS

Die fees het vanjaar sowat 153% meer buitelanders gelok (altesaam 200), maar sowat 24% minder Suid-Afrikaners. Op die laaste Saterdag van die fees het 2 900 dagbesoekers die landgoed besoek.

'n Duitse TV-span het insetsels oor die erfenis-inisiatiewe gemaak.

Wilfred sê die gunstige weer en die weermag se Pantsermuseum in Bloemfontein, wat militêre voertuie en toerusting ten toon gestel het, het bygedra tot die fees se sukses. **LBW**





**BO:** Die Model T-Fordjie uit die 1920's is een van twee in die permanente versameling op die plaas. Mev. Mariëtte Strydom van Bloemfontein het haar agter die stuur tuisgemaak om die outydse gevoel te kry.

**LINKS:** Aanstap rooies. 'n Span rooi Afrikaner-osse, 'n stoomtrein en 'n veteraan-vliegtuig. Die ossewa en stoomtrein het besoekers aan 'n ope dag op Sandstone die nostalgie van ouwêreldse vervoer laat beleef. Die Harvard is sedert die 1930's as opleidingsvliegtuig aangewend.



**BO:** Stephan Terblanche van Excelsior, Kayla Strydom van Bloemfontein, Marquerite Bezuidenhout, haar boetie Johan en pa Klaas Bezuidenhout van Sonbult in die distrik Excelsior maak kennis met militêre voertuie.



**BO:** Een van die staatmakers op die Sandstone-landgoed is die Fowler-B5-padlokomotief met sy hyskraan wat uit 1901 dateer. Dié stoomwerktuig het in vervloë dae by De Beers in Kimberley diens gedoen.

**ONDER:** 'n Saluut vir veterane. Die amptelike afsluiting van die Sandstone-erfenisfees met 'n saluut vir die parade van militêre en veteraanvoertuie, treine en vliegtuie. Van links is brig.genl. André Retief, hoofbevelvoerder van die SA Pantserformasie, kol. Colin Steyn, mnr. Wilfred Mole en sy vrou, Lyndie. Die gryskleurige lokomotief is 'n Feldbahn, 'n voorbeeld van die nouspoor-lokomotiewe wat die Duitsers in die Eerste Wêreldoorlog vir die vervoer van voorraad gebruik het. Dit is in 1915 gebou en het na die oorlog in die 1920's suikerriet in Mosambiek vervoer. Die lokomotief is sowat 4 dekades gelede na Brittanje uitgevoer waarna dit sowat 10 jaar gelede weer na Sandstone teruggekeer het. Die groen trein op die agtergrond is 'n klas NG G16-Garratt-lokomotief wat uit die stoomera van die Suid-Afrikaanse Spoorweë dateer. Verskeie vliegtuie, soos dié Harvard, het ook aan die parade deelgeneem. Dit behoort aan die Harvard-klub van Suid-Afrika.

